Dianne Woods

My onderwysloopbaan begin by Onderwyskollege Goudstad. Ja, ek was en is nog steeds 'n Gokkie!!

Daar studeer ek Junior Primêr en spesialiseer in Remedeërende Onderwys.

Begin by Laerskool Die Krans op 1 April 2021 met die opdrag om 'n ondersteuningsklas op die been te bring.

Daar noem ons die eerste groep graad 2's en 3's wat ondersteuning nodig het die **Ratels** want hulle is slim, taai en kan 'n plan maak. In Januarie 2022 kom die **Elande** by vir graad 4, 5 en 6.

My passie is nog altyd om:

- Te sorg dat elke kind sy volle potensiaäl bereik .
- Om raak te sien dat elkeen uniek is.
- Om dit wat elke kind binne of buite die klas doen dit met vreugde kan doen.
- Dat elkeen vol vertroue kan wees en weet dat hy/sy dinge kan reg kry.

As dit vakansietyd is dan haal ek die naaldwerk uit en maak tuin. Die Wildtuin bly vir my die lekkerste kuierplek as ek kan wegkom.